

13 Mei

Kolossense 2:1-7 (2:6a)

Christus Jesus as Here aangeneem

Dis nie metodies of ongereformeerd om te sê dat jy Christus as Here aangeneem het nie. Dis suiwer Bybeltaal en ook die taal van ons belydenisskrifte. Die woord wat Paulus hier gebruik vir "aangeneem" is dieselfde wat ons lees in die adventsverhaal toe Josef vir Maria, verloofde, by hom aan huis geneem het (Matt 1:24).

Paulus was baie bly toe hy gehoor het dat die gemeente in Kolosse vir Christus Jesus as die Here aanvaar het.

Die Kolossense het hulle ore nie uitgeleen aan die talryke dwaalleraars wat met hul valse prediking Christus wou degradeer nie. Hulle het egter die suiwere Christus-prediking geglo en Hom aanvaar as die Here (Grieks: *Kurios*). Dit is sy majesteitsnaam, die Naam wat die volheid van sy rykdom en weldade beskryf. Dis ook die Naam wat Hom as Eienaar aan die gemeente as sy eiendom bind.

Christus, die Here, roep jou ook as sy eiendom en sluit jou in sy gemeente in. Daar hoor jy die suiwere prediking van sy Woord.

Deur die prediking laat die Heilige Gees 'n opregte geloof in jou hart ontvlam. Hierdie geloof is die arm waarmee ons Christus en al sy verdienste kan omhels (vgl. NGB, art. 22).

Van jou word dus verwag om die Woord nie teen te staan nie maar te aanvaar. So word jy in Christus ingelyf en so alleen kan jy salig word. Ja, nie almal word salig nie, maar alleen dié wat aan Christus behoort en Hom met al sy dae "aanneem" (vgl. HK, Sondag 7).

Sing: Psalm 72:11

Ds. G.A. Hattingh (Johannesburg-Melville)